



PLAASLIKE MARKTE

- REKORD WERKLOOSHEIDSYFER AANGEKONDIG

Werkloosheid het 'n nuwe rekordvlak van 34.4% of 7.8 miljoen werklose mense bereik, volgens Statistiek SA se kwartaalverslag vir die tweede kwartaal van die jaar wat laat in Augustus vrygestel is. Dit is die hoogste werkloosheidsyfer sedert die ontstaan van die kwartaalike opname in 2008. Die werkloosheidsyfer vir die eerste kwartaal was 32.6% en die aantal werkloses 7.2 miljoen. Die uitgebreide definisie van werkloosheid – wat ook diegene wat nie meer werk soek nie insluit – het met 1.2 persentasiepunte tot 44.4% gestyg. Indiensneming in die formele sektor – wat 68.3% van totale indiensneming verteenwoordig – het 'n verlies van 375 000 poste in die kwartaal aangeteken. Indiensneming in die informele sektor, private huishoudings en landbou het toegeneem.

Een ligpunt van die marknuus vir Augustus was beter omstandighede in die vervaardigingsektor, wat goed herstel het ná die onrus van Julie en strenger inperkingsmaatreels wat in Julie van krag was. Die Augustus uitgawe van die Absa Aankopersindeks (PMI), wat in samewerking met die Buro vir Ekonomiese Navorsing saamgestel word, toon dat die indeks in Augustus to 57.9 gestyg het. Dit is heelwat beter as die 43.5 wat vir Julie bekend gemaak is. 'n Syfer bo 50 dui beter aktiwiteit aan en 'n syfer onder 50 'n inkrimping in bedrywighede.

Op die JSE het die Indeks van Alle aandele maand op maand 2.2% laer gesluit, hoewel die indeks jaar tot datum steeds 13.5% hoër is as verlede jaar. Dit was veral die pryse van aandele in die kommoditeite, nywerheidsmetale en goedere sektore wat die indeks onder druk geplaas het. Die Resi-10 het maand op maand met 6.1% gedaal (+15.3% jaar tot datum) en die Indi-25 met 5.2% maand op maand (+7.1% jaar tot datum). Finansiële aandele het beter gevaar en die Fini het maand op maand 12.4% hoër gesluit (+20.3% jaar tot datum). Prosus en Naspers het onderskeidelik met 2.7% en 12.1% maand op maand gedaal, danksy voortgesette regulasie-wysigings deur die Chinese regering wat tegnologie maatskappye raak. Die Chinese regering het laat in Augustus aangekondig dat die aantal ure wat minderjarige kinders aanlyn rekenaarspeletjies kan speel tot drie ure per week beperk moet word. Prosus is die grootste aandeelhouer in die Chinese internet en rekenaarspeletjies groep Tencent. Die aandeelprys van BHP Group, wat Prosus as die grootste maatskappy (volgens markkapitalisasie) op die JSE verby gestee het, het maand op maand met 4.4% gedaal terwyl Annheuser Bush InBev, British American Tobacco, Richemont and Glencore onderskeidelik maand op maand met 4%, 0.7%, 14.3% en 0.8% gedaal het.

Steinhoff was die beste vertoner in Augustus en die aandeelprys van dié maatskappy het maand op maand met 'n indrukwekkende 106.2% gestyg ná 'n daling van 14.8% in Julie. Die stewiger aandeelprys was te danke aan beter bedryfstoeistande nadat verslapping van inperkingsmaatreels wêreldwyd sy omset gesteun het. Accelerate Property Fund was in die tweede plek met 'n styging van 52.2% maand op maand, met Blue Label Telecoms in die derde plek met 'n styging in sy aandeelprys van 28.8% maand op maand.

Die meeste van die maatskappye waarvan die aandeelpryse swakker gevaar het in Augustus is in die hulpbronne en metale sektore. Die pryse van goud, ystererts, platina en palladium het onderskeidelik maand op maand met 0.03%, 11.3%, 3.4%, en 7.2% gedaal en aandeelpryse afgedruk. Royal Bafokeng Platinum het die swakste gevaar met 'n daling van 24% maand op maand, ondanks die feit dat die maatskappy goeie tussentydse resultate aangeteken het. AngloGold Ashanti was in die tweede plek (-16.8% maand op maand) met Impala Platinum in die derde plek met 'n daling van 15.6% maand op maand.

BUITELANDSE BELEGGERS ONTTREK AAN DIE JSE

Die JSE het in Augustus kommer uitgespreek oor die uitvloeï van kapitaal uit Suid-Afrikaanse markte, wat die afgelope paar jaar geleidelik toegeneem het. Die JSE het in 'n geskrewe voorlegging aan die parlement rakende nuwe belastingwette gesê SA se makro-omgewing het die afgelope vyf jaar agteruitgegaan. Al drie graderingsagentskappe het hul graderings rakende SA in 2020 afwaarts aangepas. Die resultaat was dat SA nie meer by verskeie internasionale indekse ingesluit is nie of dat sy insluiting afgewater is.

BusinessTech het berig dat die uitwerking van die negatiewe makro-omgewing betekenisvolle onttrekking van buitelandse belegging in Suid-Afrikaanse effekte en aandele tot gevolg gehad. “Daar gaan 'n beduidende afname in likiditeit in SA markte wees en SA se beeld as 'n beleggingsbestemming is geskaad, wat verdere uitvloeie tot gevolg gaan hê,” aldus die berig.

Die inflasiesyfer vir Julie is 4.6% jaar op jaar – laer as die 4.9% wat vir Junie aangekondig is. Die grootste bydraende kostes wat 'n impak op die inflasiesyfer gehad het, was weereens die pryse voedsel en nie-alkoholiese drankies, behuising en vervoer. Die laer inflasie is positief vir rentekoerse en daar word verwag dat die SA Reserwebank (SARB) nie binnekort die rentekoers sal verhoog nie. Die handelsbalans het in Augustus tot 'n oorskot van R36.96 miljard gekrimp teenoor die aangepaste oorskot van R54.48 miljard van Julie.

VOERTUIGVERKOPE FLIKKER OP

Die verkope van nuwe voertuie het in Augustus goed verbeter maar uitvoer is deur die onrus en kuberaanvalle van die vorige maand geraak. Syfers wat deur die Sakeraad ir die Motorbedryf bekend gemaak is toon dat 'n totaal van 41 425 motors en handelsvoertuie in Augustus verkoop is. Dit was heelwat beter as die totaal van 33 061 wat in Julie verkoop is en 'n styging van 24.6% teenoor die 33 259 van Augustus 2020. Die totaal vir die eerste agt maande van 2021 staan nou op 301 997 – 32.4% meer as die totaal van 228 010 vir die ooreenstemmende tydperk in 2020.

Nuwe motorverkope vir Augustus 2021 was 27 517, 40.5% beter as die 19 335 totaal van Augustus verlede jaar. Die bedryf het in Augustus 19 446 voertuie uitgevoer. Hoewel baie beter as die 16 252 totaal van Julie is dit 15.6% laer as die 23 029 wat in Augustus verlede jaar uitgevoer is. Business Day het berig dat die nagevolge van onrus in Julie – wat verskeie vervaardigers gedwing het om produksie te staak – en kuberaanvalle op die staat se vervoerdiens Transnet die grootste bydraende faktore was wat produksie en uitvoer belemmer het.

Die rand het met 0.6% teenoor die dollar verstewig en is jaar tot datum 1.2% stewiger.

INTERNASIONALE MARKTE

- INTERNASIONALE MARKTE SLUIT HOËR

Die VSA en ander vername internasionale markte het Augustus positief afgesluit, ondanks wisselvalligheid deur die loop van die maand. Beleggerssentiment is negatief geraak deur teleurstellende nuus rakende die VSA ekonomie wat daarop dui dat die ekonomiese herstel effens stoom verloor en ook deur logistieke uitdagings en die impak van die Delta variant van die Covid-19 virus in die VSA en ander lande. Die moontlike impak van die situasie in Afganistan het ook tot die negatiewe sentiment bygedra. Ondanks hierdie kwessies het die vernaamste markte in die VSA teen die einde van die maand nuwe hoogtepunte bereik danksy tekens dat die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) met steunprogramme sal voortgaan.

Aandelemarkte in die VSA het vir die sewende agtereenvolgende maand goed gevaar danksy goeie maatskappyresultate. Die S&P 500 het maand op maand 2.9% hoër gesluit (+20.4% jaar tot datum) en het deur die loop van die maand 12 keer nuwe hoogtepunte bereik – meer as in enige ander Augustus ooit. Die Nasdaq het maand op maand 4% hoër gesluit (+18.4% jaar tot datum) en die Dow Jones het die maand op +1.2% afgesluit (+15.5% jaar tot datum).

Ekonomiese data vir die VSA wat in Augustus bekend gemaak is het teleur gestel. Verbruikersvertroue het skerp gedaal en kleinhandelverkope en die pas van nuwe huiskonstruksie was nie wat verwag is nie. Verbruikersvertroue het tot die laagste vlak in 11 jaar verswak danksy groeiende kommer oor ekonomiese vooruitsigte, inflasie en stygende syfers van Covid-19 gevalle. Die stewige stygings in huispryse in die VSA duur voort en volgens die S&P CoreLogic Case-Shiller Indeks vir Junie het die prys van 'n gesinswoning jaar op jaar met 18.6% gestyg – die dertiende agtereenvolgende maand van stygings.

In Europa het die mark van die streek se sterkste ekonomie, die DAX in Duitsland, maand op maand met 1.9% gestyg (+15.4% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC Indeks maand op maand met 1.0% gestyg (+20.3% jaar tot datum). Ekonomiese sentiment in Europa het verswak danksy dalings in verbruikersoptimisme in Frankryk en Nederland. Data toon ook dat inflasie in die eurosone tot die hoogste vlak in 'n dekade gestyg het (3% jaar op jaar) wat hoër is as die teiken van die Europese Sentrale Bank.

Die VK se FTSE 100 Indeks het Augustus 1.2% hoër afgesluit (+10.2% jaar tot datum). VK BBP het in die tweede kwartaal met 4.8% (kwartaal op kwartaal) gegroei en met 1.0% in Julie (teenoor Mei) – die vyfde agtereenvolgende maand van ekonomiese groei. Die BBP vir Junie was 2.2% laer as die vlakke van Februarie 2020 (voor die uitbreek van die pandemie) en die verwagting is dat die impak van die Delta variant Julie negatief sal beïnvloed.



**BELÊ BY DIE VOORAANSTAANDE
WELVAARTBESTUURDER IN SA
WENNER 2017 & 2020, TOP 3 IN 2021
NAASWENNER IN 2018 EN IN TOP 4 IN 2019**

WISSELVALLIGHEID IN ASIË

In Asië het Chinese markte nog 'n maand van wisselvalligheid beleef danksy teleurstellende ekonomiese data en voortgesette inmenging in markte deur die Chinese regering. China het aangekondig dat die tyd wat minderjarige kinders aan aanlyn rekenaarspeletjies bestee ingeperk moet word en het ook aangedui dat voortgegaan word met maatreels om teen-mededingende optrede deur maatskappye in te perk en besoedelingsuitdagings aan te pak. Die Hang Seng in Hong Kong het die maand 0.3% laer afgesluit (-5.0% jaar tot datum). Die Shanghai Saamgestelde Indeks het die maand 4.3% hoër gesluit (+2.0% jaar tot datum).

Die Nikkei in Japan het maand op maand 3.0% hoër gesluit en staan jaar tot datum op +2.4%. Wat ekonomiese data betref is bekend gemaak dat die land se ekonomie in die tweede kwartaal beter as wat verwag is verbeter het en met 1.3% gegroei het (jaar op jaar).

Die olieprys was onder druk in Augustus en het maand op maand met 4.4% gedaal (+40.9% jaar tot datum) aangesien stygings in Covid-19 gevalle weens die Delta variant die herstel van vraag na olie gedemp het. Die impak van vloede en kragonderbrekings in Louisiana ná orkaan Ida die streek getref het, het ook die olieprys beïnvloed. Die goudprys was so te sê onveranderd in Augustus (-0.03% maand op maand en -4.5% jaar tot datum). Die prys van ystererts was maand op maand 14% laer (+0.1% jaar tot datum).

Bronne: Anchor Capital, Business Day, Fin24, BusinessTech

SLIM WENK

HOE OM 'N AANDELEPORTEFEULJE IN JOU FINANSIËLE PLAN IN TE PAS

Beleggers wat daarin belang stel om direk in aandele van hul keuse te belê kan die opsie oorweeg met die advies van 'n finansiële raadgewer. Brenthurst bied hierdie diens in vennootskap met DFM Global aan.

Lees meer oor hierdie opsie vir buitelandse diversifikasie: [Buitelandse beleggings](#).



BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

**LOOKING FOR A NEW STOCKBROKER?
SPEAK TO SA'S TOP BOUTIQUE WEALTH MANAGER**

SWITCH NOW

**YOUR PARTNER IN
WEALTH CREATION**

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
Cape Town Waterfront +27 (0) 21 418 1236

Claremont +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius 00 230 5843 5215

BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

GARDEN ROUTE | KWAZULU -NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hiedie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.